## ETZEBETH STEL BOEK BEKEND:

# ‘Rassie verstaan wat Bokke goed maak’

**Christinet Zaal**

Die boekbekendstelling van Eben Etzebeth se *Ten Slotte* het Woensdagaand in Mall of Africa se EL&N-plein plaasgevind.

Aanhangers en rugbyliefhebbers van alle ouderdomme het byeengekom en geluister na sy stories en sy nuwe boek gekoop sodat hy dit kon teken.

Etzebeth was in gesprek met Motshidisi Mohono, SuperSport-aanbieder.

Mohono en Etzebeth het gesels oor verskeie hoogtepunte wat hy in sy boek noem.

“As ek sukkel om te praat, verskoon my asseblief. Ek het nog vier steke in my mond van Saterdag,” het hy laggend gesê.

Hulle het onder meer gesels oor die eerste spanvergadering saam met Rassie Erasmus, Springbok-afrigter.

“Toe ek sien hoe hy praat, hoe hy met ons werk en die voorstelle wat hy maak, het ek geweet hy verstaan wat ons goed maak, hy het ons DNS verstaan,” het Etzebeth vertel.

Zach (14) en Zinsca (10) van den Berg van Vanderbijlpark het hul vakansie by The Kingdom Resort met ’n dag kortgeknip juis om die boekbekendstelling by te woon.

“Toe ek Eben sien aankom, was ek so opgewonde. Ek wou net na hom toe hardloop. Dit was soos ’n *adrenaline rush,*” sê Zach.

Zach het sy sussie, Zinsca, op sy skouers getel sodat sy Etzebeth tussen die skare beter kon sien.

“Ek het so groot geglimlag toe hy aankom,” sê Zinsca.

Zach en Zinsca het elkeen hul eksemplaar van *Ten Slotte* laat teken, en het selfs ’n Springbokbeertjie saamgebring.

“As ek vir Eben een ding kon vra, sou dit sy *gym*-roetine wees. Ek wil net soos hy lyk,” sê Zach.

Etzebeth het ook met Mohono gesels oor sy vriendskap met Siya Kolisi, Bok-kaptein, wat hy ’n “beste vriend” en “ ’n broer” noem. Hy het vertel hulle gaan saam op “afsprake” om soesji te eet.




Eben Etzebeth in gesprek met Motshidisi Mohono. Foto’s: CHRISTINET ZAAL




Ella Jordaan en Alana Versfeld




Mason van Wyk




Zinsca en Zach van den Berg

“Ek probeer ook vir Siya oortuig om op dieselfde plek grond te koop sodat ons saam kan oud word,” het Etzebeth gesê.

Ella Jordaan (10) en Alana Versfeld (10) het ook elkeen ’n nuwe boek gekry. Hulle het met groot glimlagte vertel dat hulle groot aanhangers is en nie kan wag om Etzebeth te sien nie.

Mason van Wyk (7) was baie opgewonde om vir Etzebeth te sê dat hy ook rugby speel. “Dis die eerste ding wat ek vir hom gaan sê.” Mason het ook sy rugbybal saamgebring.

Oor die Wêreldbeker-rugbytoernooi in 2019 het Etzebeth gesê hy het van die begin af geglo hulle sou wen. Oor die 2023-toernooi het hy vertel: “Ons het gegaan om ’n punt te bewys… net een punt.”

Hy het verder gesels oor sy vrou, Anlia, hul dogtertjie en hul nuweling, wat na verwagting volgende week haar opwagting maak.

Dis moeilik om van hulle weg te wees, het hy gesê. “Maar wanneer ek hulle weer sien, is daar niks meer fout nie.”

Etzebeth het onthul sy vrou was huiwerig om op hul eerste afspraak te gaan. Haar pa het haar egter aangemoedig en gesê: “As jy nie saam met hom gaan koffie drink nie, sal ek.” Dit was glo die laaste bietjie motivering wat sy nodig gehad het.

Mohono het Etzebeth gevra of hy dink aan hoeveel hy vir Suid-Afrika beteken.

“Ek dink nie ons besef dit al nie. Miskien eendag as ons klaar is. Maar, vir eers is ons gefokus op die spel.”

# Comrades: Nog ’n gouemedaljewenner, Rudi du Plessis, sterf

**Sarel van der Walt**

’n Derde voormalige Comrades-gouemedaljewenner in twee weke is dood.

Rudi du Plessis (55), wat in 1993 sesde in die af-Comrades tussen Pietermaritzburg en Durban was, is Dinsdagnag op Kaapsehoop naby Mbombela vermoedelik in sy slaap aan ’n hartaanval dood.

Die skrywer Dana Snyman, Du Plessis se buurman, het Woensdagoggend op sy lyk afgekom.

Du Plessis se dood volg ná die afsterwe van Jetman Msuthu, die 1992-kampioen, en dié van Cheryl Winn, die 1982-vrouewenner, wat later voorsitter van die Comrades-vereniging geword het. Winn is Sondag dood nadat sy in die Drakensberge geval het terwyl sy besig was om foto’s te neem. Msuthu is ná ’n siekte dood.

Du Plessis het Dinsdagmiddag, nadat hy *Die Burger* se berig oor Winn se afsterwe gelees het, ’n boodskap aan dié joernalis gestuur waarin hy gesê het: “Hartseer. Cheryl was ’n yster.”

Ure later het hy self gesterf.

Snyman, wat self die Comrades’n paar keer voltooi het, en Du Plessis het as ’n reël elke oggend saam koffie gedrink en beskuit geëet. Dinsdag was die laaste keer.

“Hy het so vreedsaam daar op sy bed gelyk,” sê Snyman.

“Rudi was ’n legende in die Laeveld. Vir my was hy meer as ’n buurman. Min mense het die bergpaadjies om Kaapsehoop en die geskiedenis van die omgewing geken soos hy.

“Rudi was Kaapsehoop se bekendste inwoner,” het Snyman aan *Die Burger* gesê.


“Wanneer ’n mens hom gevra het hoe dit gaan, het hy geantwoord ‘ritsrats’. Pragtig, nè?”

Ná sy sesde plek in 1993 (5:50:44) het rugprobleme meegebring dat Du Plessis nie meer mededingend kon hardloop nie.


Deon Holtzhausen, ’n vyfmalige Comrades-gouemedaljewenner wat in 1993 agtste was (5:52:29), sê Du Plessis was ’n baie talentvolle atleet.

“As dit nie vir sy rugprobleme was nie, kon Rudi die Comrades gewen het,” het hy gesê.

Nick Bester, die 1991-kampioen en negemalige gouemedaljewenner wat saam met Du Plessis geoefen het voor die 1993-wedloop, vertel Du Plessis het gewoonlik sy 8 km-tydtoetse om 17:00 in die hitte en hoë humiditeit gedoen.



Rudi du Plessis verlede jaar afgeneem.



’n Jong Rudi du Plessis toe hy in 1993 sesde in die Comrades-wedloop geëindig het.

“Ons het op ’n keer saam aan ’n tydtoets daar deelgeneem. Meck Mothuli het gewen, Rudi was tweede en ek derde – al drie van ons onder 25 minute.”

Bester en Bruce Fordyce, negemalige kampioen, was met daardie Comrades albei deel van die SAUK se televisie-kommentaarspan. “Ek was so verbaas toe ek sien Rudi skuif in die sesde plek in dat ek oor die lug amper sy naam vergeet het!”

Fordyce sê die nuus oor Du Plessis se heengaan is baie sleg.

“Hy was ’n wonderlike atleet en ek het altyd gewonder hoekom hy nie meer kere goud gehardloop het nie.”

Du Plessis was ’n bobaas-storieverteller en het die geskiedenis van gouddelwery in die Kaapsehoop-omgewing op die punte van sy vingers geken. En hy het geen atletiekuitsending op televisie misgeloop nie.

Du Plessis het die laaste paar jaar ’n onderneming op Kaapsehoop gehad waar mense skopfietse kan huur om in die plantasies te gaan ry.

# Hotel in Plettenbergbaai aangewys as beste in land

**Jackie Kruger**

As jy op soek is na die beste hotel in Suid-Afrika, hoef jy nie verder as Plettenbergbaai te kyk nie.

The Plettenberg, ’n luukse hotel in dié kusdorp, is met ’n persentasie van 99,4% as die top-hotel in die land aangewys in Condé Nast Traveler se Readers’ Choice Awards vir die jaar.

Die hotel het ander tophotelle in plekke soos Franschhoek in die Kaapse Wynland uitgestof.

Plettenbergbaai, ’n gewilde bestemming onder buitelandse en plaaslike toeriste, is veral bekend vir sy asemrowende natuurskoon.

Babylonstoren (99,16%) in Franschhoek het in die tweede plek ingeskuif, gevolg deur Last Word (97,7%), ook in Franschhoek, die Spier-hotel in Stellenbosch (97,51%), Last Word Long Beach in Kaapstad (96,8%), Sterrekopje in Franschhoek (96,69%), Last Word Madikwe in die Madikwe-wildreservaat in Noordwes, (96,57%), die Mount Nelson in Kaapstad (96%), die Saxon-hotel, Villas & Spa in Johannesburg (95,69%) en die Cape Grace in Kaapstad (95,63%).

In die stemproses is meer as 757 000 reaksies van lesers oor hul reiservarings ontvang. Die kiesers was onder meer beïndruk met die The Plettenberg se ligging en die 360-grade-uitsigte oor die seelandskap, volgens die Condé Nast Traveler-webtuiste.



The Plettenberg-hotel in Plettenbergbaai. Foto: THE PLETTENBERG

Patty Butterworth, hoof van Plett Tourism, die organisasie wat die kusdorp as toerismebestemming bemark, sê by navraag hulle is baie trots om die hotel se erkenning te vier.

“Dis werklik ’n merkwaardige prestasie, wat nie net die hotel se toewyding aan luuksheid, diens en ervaring van hul gaste beklemtoon nie, maar ook Plettenbergbaai se posisie as ’n toonaangewende bestemming versterk,” sê Butterworth. “The Plettenberg se toewyding aan uitnemendheid weerspieël die gees van ons gemeenskap.”

Ainsley Williams, hoofbestuurder van die hotel, het in ’n verklaring al die personeellede bedank wat ’n rol gespeel het om die eerbewys te verseker.

“Hierdie erkenning vier nie net The Plettenberg se wêreldklasstandaarde nie, maar plaas ook die kollig op Plettenbergbaai as ’n ‘moet-besoek’-bestemming vir reisigers wêreldwyd,” sê hy.

Die hotel, deel van die Liz McGrath Collection en lid van Small Luxury Hotels of the World, bied onder meer direkte toegang tot die strand en uitsigte oor die Indiese Oseaan, die Tsitsikamma-berge en strande.
**– jkruger@24.com**

# Dolly Parton laat weet: ‘Ek is nog nie dood nie’

Die sangeres Dolly Parton (79) het Woensdag op Instagram verklaar: “Ek is nog nie dood nie,” nadat haar suster aanhangers in rep en roer gehad het toe sy gebede vir Parton gevra het.

Parton het in ’n video met die onderskrif “I ain’t dead yet!” die publiek vir hul besorgdheid bedank. “Daar is net baie gerugte wat rondvlieg, maar ek het gedink as julle dit van my hoor, sal julle weet dat ek oukei is.”

Parton het verlede week haar optredes in Las Vegas uitgestel weens ongespesifiseerde “gesondheidsuitdagings” en het onthul dat sy verskeie mediese prosedures sal ondergaan.

Sy sê in die video sy het haarself verwaarloos ná die dood van haar man, maar ondergaan nou behandeling.

“Niks groots nie. Maar ek moes wel ’n paar dinge kanselleer sodat ek nader aan die huis kon wees vir mediese sorg. Maar ek wou hê julle moet weet dat ek nie besig is om dood te gaan nie.”

Haar man van byna 60 jaar, Carl Dean (82), is in Maart oorlede. **– AFP**

**OHM**
OAKWOOD | HUGHENDEN | MEADOWS
COMMUNITY IMPROVEMENT DISTRCT

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering**

Die Oakwood Hughenden Meadows Community Improvement District NPC (OHMCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2026/2027.

**Datum:** 04 November 2025
**Tyd:** 17h30
**Plek:** Droomfabriek, 6 Riverside Terrace, Houtbaai

Net bona fide-lede van die OHM CID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die OHM CID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 24 Oktober 2025 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.ohmcid.co.za of bel 082 921 4231**

82425BV-DB101025

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**LUG U MENING**
**Voorleggings en Verhore**

Op 23 Julie 2025 besluit die Nasionale Vergadering om 'n ad hoc-komitee te stig, die komitee, om -

(a) die geloofwaardigheid en implikasies van die bewerings deur lt-gen Mkhwanazi te ondersoek, met inbegrip van:
  (i) die beweerde onwettige besluit deur die Minister van Polisie mnr Senzo Mchunu om die Politieke Moordtaakspan, PMTS, te ontbind;
  (ii) die beweerde onwettige verwydering van 121 saakdossiere van die PMTS op aanwysing van Adjunk Nasionale Kommissaris Shadrack Sibiya;
  (iii) die beweerde moratorium deur Minister Mchunu op die vul van vakatures binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens, SAPD, se Misdaadintelligensie-eenheid;
  (iv) die aard en implikasies van verhoudings tussen die senior leierskap in die Polisie en sekere lede van die publiek;
  (v) die bevestiging van onreëlmatigheid van die toekenning van 'n kontrak van R360 miljoen aan mnr Vusimuzi Matlala se maatskappy vir die verskaffing van gesondheidsorgdienste aan die SAPD;
  (vi) die beweerde inmenging deur die Ondersoekdirektoraat Teen Korrupsie, ODTK, in polisie-aangeleenthede, met inbegrip van kwessies betreffende dié jurisdiksie;
  (b) die behoefte aan wetgewende-, beleids- en institusionele hervormings te oorweeg om die openbare vertroue in die strafregstelsel te herstel; en
  (c) teen nie later nie as 31 Oktober 2025 aan die Nasionale Vergadering verslag te doen.

Die ad hoc-komitee ondersoek die bewerings van lt-gen Mkhwanazi en doen 'n ondersoek om die geloofwaardigheid, omvang en implikasies van wydlopende bewerings rakende veiligheidsaangeleenthede wat deur lt-gen Nhlanhla Mkhwanazi die provinsiale kommissaris van KwaZulu-Natal, op 6 Julie 2025 tydens 'n media-inligtingsessie oor die werk van die PMTS gemaak is, te bepaal.

Die komitee het ingestem om die ondersoek uit te voer in ooreenstemming met die bepalings van die verwysingsraamwerk, wat verander of gewysig kan word in ooreenstemming met die doelwitte daarvan. Die verwysingsraamwerk is beskikbaar by die komiteesekretariaat of op die Parlement se webwerf.

Artikel 59(1)(a) van die Grondwet verplig die komitee om openbare betrokkenheid by sy prosesse te behartig, aangesien dit nodig is dat individue en alle belanghebbende partye 'n redelike geleentheid gebied word om ingelig te word oor die werk van die komitee en om voldoende insae te hê.

Die komitee nooi individue en belangstellende organisasies uit om skriftelike voorleggings te doen oor sake wat betrekking het op die omvang van die ondersoek, soos uiteengesit in die verwysingsraamwerk, wat dit kan help om sy mandaat te vervul.

Slegs voorleggings wat verband hou met die omvang van die ondersoek sal deur die komitee oorweeg word.

Skriftelike voorleggings, met inbegrip van ondersteunende dokumentasie, wat bedoel is om bewyse voor die komitee te lê, moet onder eed of bevestiging gelewer word. Individue of organisasies wat hulp benodig met die voorbereiding van 'n beëdigde verklaring of die indien van bewyse word aangemoedig om die komitee in kennis te stel sodat toepaslike ondersteuning gereël kan word.

Alle voorleggings moet die komitee teen nie later nie as 17 Oktober 2025 bereik. Voorleggings moet gestuur word aan adhocmkhwanazi@parliament.gov.za. Navrae kan gerig word aan mnr V Ramaano by 083 709 8427; adv P Gwebu by 083 709 8395 of me B Mbengo by 083 709 8489.

Die volgende dokumente kan elektronies op die Parlement se webwerf https://www.parliament.gov.za/ad-hoc-committee-gen-mkhwanazis-allegations verkry word.

90198BV-DB101025